**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

Uniewinkels
die moderne
MANS- EN SPORT-UITRUSTERS

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXIII | DONDERDAG 12 SEPTEMBER 1968 | Nr. 19

## VOLKSVOORLIGTING IS SENTRUM SE DOEL: WOORDVOERDER

**Die werksaamhede van die Sentrum vir Internasionale Politiek het 'n tweeledige doel. In die eerste plek is daar die wetenskaplike bestudering van hierdie vakgebied deur middel van navorsing en dosering, en in die tweede plek word volksvoorligting beoog.**

So het 'n woordvoerder van die Sentrum in 'n onderhoud aan Die Wapad verklaar. Dit is op die oomblik dringend noodsaaklik dat hierdie take vervul word, en die Sentrum is dan ook so ontwerp om in die dringendste behoeftes in die verband te voorsien.

Die belangrike posisie wat die Sentrum reeds beklee, blyk uit die feit dat die Senaat en Raad onlangs besluit het, na 'n ondersoek en aanbeveling deur die Fakulteitsraad vir Lettere en Wysbegeerte, om die Sentrum as een van die Universiteit se navorsingsinstitute te erken.


SIMPOSIUM

In verband met die afgelope simposium oor Suid-Afrika se strategiese posisie, het die woordvoerder aan Die Wapad gesê dat hulle baie ingenome is met die suksesvolle afloop daarvan. Sowat vyfhonderd persone het die simposium bygewoon en die Sentrum het uit alle oorde gelukwense ontvang daarmee.

Tydens die simposium het prof. D. J. Kotze, voorsitter van die Landsraad van die Rapportryers 'n tjek van R3000 aan die Sentrum oorhandig.

NUUSBRIEF

Die sirkulasie van die Sentrum se maandelikse nuusbrief „Die Wêreld in Oënskou" staan tans op 2500. Studente kan op die nuusbrief inteken teen die spesiale verlaagde tarief van R1.00.



*Die dagbestuur van die nuutverkose Studenteraad in gemoedelike luim afgeneem voor die Studenteraadskantoor. Van links na regs is Theuns Ellof (Penningmeester), Neels Smit (Onder-voorsitter), Callie Coetzee (Voorsitter), Tom Larney (Sekretaris) en Johan Kruger (Add. lid).*
*Foto: Fotokuns.*

## Studenteraad

*Die Studenteraad vir die termyn 1968-69 sien soos volg daar uit:*
*Voorsitter: Callie Coetzee.*
*A.O.B.: Neels Smit (Ondervoorsitter)*
*Arrie Geertsema*
*Kobus van der Walt.*
*Korps V.V.: Tom Larney (Sekretaris)*
*Jan Erasmus*
*Dawie Viljoen.*
*P.N.B.: Johan Kruger (Add. lid van dagbestuur)*
*Fanie Coetzee*
*Roelie Aucamp*
*A.B.K.K.: Johan Schutte*
*Gerrit Grobler*
*Kobus du Plessis.*
*S.S.B.: Bea Marais*
*Carène Lubbe*
*George Muldner*
*Penningmeester: Theuns Ellof.*

## Hoofredakteur

*Mnr. Jan-At Kruger is Vrydagmiddag op 'n koukusvergadering as hoofredakteur van Die Wapad vir die termyn 1968-69 verkies.*

## Studenteraad sal poog om diens te lewer

**Die studenteraad van 1968-69 wil diens lewer — diens te alle tye aan die studentegemeenskap en aan die Alma Mater.**

**So het mnr. Callie Coetzee, nuutverkose voorsitter van die Studenteraad, gesê toe hy verlede Donderdagaand die massa toegespreek het na die oorname van die nuwe Studenteraad.**

Mnr. Coetzee het gesê dat die Puk sy plek volstaan in die ry van Afrikaanse universiteite. Die Studenteraad sal poog om sy plek in die A.S.B. vol te staan en sy deel te doen in die uitbouing van hierdie organisasie.

SKAKELTOER

Wat betref die skakeling met ander universiteite, word 'n skakeltoer na die Universiteit van Natal en U.O.V.S. beoog, terwyl nouer skakeling met die S.R. van R.A.U. ook in die vooruitsig gestel word.

Wat die interne studentelewe betref, het mnr. Coetzee gesê dat die hoofliggame deur deeglike beplande desentralisasie, effektiewe beplanning en goeie propaganda tot ryper ontplooiing kan kom en steeds meer studente betrek.

FEESJAAR

Ten slotte het mnr. Coetzee die wens uitgespreek dat 1969 'n feesjaar sal wees, nie net in die konkrete bydrae wat die studente tot die feesvierings sal lewer nie, maar in alle opsigte.

## AMERIKANISME OP VIRUS BESPREEK

**Die invloed van die Amerikanisme op tegnologiese gebied is heeltemal aanvaarbaar in die Republiek, maar op lewensbeskoulikee vlak moet hierdie invloed kragtig beveg word.**

Dit is die slotsom waartoe die oorgrote meerderheid van die sowat 150 studente aan die end van die derde Virus-vergadering, verlede Donderdagaand, gekom het, nadat daar op lewendige wyse oor die onderwerp „Yanks, go home" geredeneer is.

Die bespreking spunt was die vraag of Suid-Afrika die Amerikaanse invloed met dieselfde argwaan moet bejeen as elders in die wêreld.

GEBALANSEERD

'n Kenmerk van die bespreking was die gebalanseerde houding wat die meeste sprekers teenoor die invloed van die Amerikanisme ingeneem het.

Die Suid-Afrikaner behoort dit wat die Amerikaner hom bied, met dank te aanvaar, solank hy net sorg dat hy sy Christelike beginsels nie prysgee nie, was die algemene gevoel.

Na afloop van die bespreking het die gasspreker van die aand, prof. W. J. de Klerk, gepraat oor die blootstelling van die Afrikaner.

Hy het gesê die Afrikaner is bloogestel aan talle dreigende eksterne en interne gevare. Na sy mening is die toekoms van die Afrikaner egter geleë in Nasionalisme.

Hoewel die deurvoer van die regeringsbeleid gepaard gaan met talle ernstige probleme, bv. die toenemende ekonomiese integrasie, en die groot hoeveelhede geld wat vir verdedigingsdoeleindes gebruik moet word, in plaas daarvan dat dit in die ontwikkeling van die Bantoetuislande gestort word, meen hy dat die beleid tog uiteindelik sal slaag.

Die Afrikaner moet egter daarteen waak dat hy die begrip „Nasionalisme" nooit so uit verband ruk soos wat dit tydens die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland die geval was nie.

## BETALINGSBALANS NIE IN GEVAAR

**Die dalende neiging in die Suid-Afrikaanse goudproduksie wat vanaf 1971 in die vooruitsig gestel word, indien die prys van die goud konstant bly, hou geen gevaar in dat die betalingsbalans vanaf daardie datum 'n knelpunt in die proses van ekonomiese groei kan word nie. Tot hierdie gevolgtrekking het dr. T. A. du Plessis, hoofdirekteur van die Departement Beplanning en hoof van die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram, gekom in 'n toespraak op 28 Augustus voor die Ekonomiese Vereniging van die P.U.**

Hy meen dat die beleid van die invoervervanging en die komparatiewe voordele wat Suid-Afrika verkry uit sy internasionale handel berus, behoue sal bly, met die veronderstelling van mobiliteit van binnelandse produksie faktore en buigbare pryse.

MOBIEL

Die Suid-Afrikaanse produksiefaktore blyk egter so mobiel te wees, dat die werkloosheid van sodanige faktore as gevolg van moontlike uitvoervermindering weens daling van goudproduksie, maklik vervang sal kan word deur die blote verplasing van die werklose produksiefaktore na ander sektore waar dit wel volledig beset sal word.

Beredenering uit die oogpunt van die kapitaal of opbrengsverhouding sowel as uit die oogpunt van die teorie van internasionale handel, het dieselfde resultaat tot volg.

## Rektor wens massa geluk met optrede

*Op die onlangse monstervergadering het die rektor, prof. H. J. J. Bingle, in 'n toespraak sy waardering teenoor die Pukke betuig vir hulle goeie gedrag by verskillende geleenthede gedurende die afgelope jaar.*

*Prof. Bingle, wat in opdrag van die Raad die studente bedank het, het verwys na die betogings en stakings by ander universiteite, en gesê dat so iets hier nooit kan voorkom nie, omdat ons glo in die weg van reformasie en nie revolusie nie.*

INTERVARSITY

*Wat betref die spesifieke gedrag van Pukke, het prof. Bingle verwys na die afgelope Intervarsity asook na die optrede van die verskillende toergroepe. Hy het ook melding gemaak van die gunstige opmerkings van Engelssprekendes in Johannesburg oor die goeie indruk wat 'n groep Pukke wat daar opgetree het, gemaak het. Prof. Bingle het gesê dat so iets vir die mense van Potchefstroom nie uitsonderlik is nie, maar iets doodgewoons.*

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

**TRUST APTEEK**

TRUST BANK-SENTRUM,
TEL. 7116.

- Geskenke
- Pottebakkery
- Fotografiese
- benodigdhede.

Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.

**GROSVENOR MOTORS**

Lombardst. 47, Kerkst. 69.
Telefoon 4351/2/3,
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS

ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLANE
en
GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES

*Vir al u*

APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

*Besoek:*

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**

Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

**BOUQUET**

**LINDEQUE Skoenreparasies**

— Octron-gebou —
*Twee depots op Bult:*
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.

die WAPAD

DONDERDAG 12 SEPTEMBER 1968

# Die Pukke

Op die monstervergadering van verlede Donderdag het die rektor gesê dat die tipe gedrag van Pukke waarvan in Johannesburg met groot lof gepraat is, vir Potchefstroom nie iets snaaks nie, maar iets doodgewoons is.

Van ons kant kan ons vandag sê dat daardie tipe gedrag wat nie ons universiteit in die verleentheid bring nie, maar eerder 'n goeie naam besorg, vir ons ook nie snaaks en 'n inspanning is nie, maar doodgewoon en 'n voorreg.

In die jaar 1968 waar die aktiwiteit nommer een van te veel studente in ander dele van die wêreld en land geword het om in 'n voortdurende toestand van protes te bly, het ons as Pukke ons nog nooit geskaam dat ons nie hieraan meedoen nie — in watter vorm ookal. En laat die mense wat hierin 'n bewys wil sien van ons verstardheid, dit gerus maar doen. As die woorde student en anargis ooit sinoniem word, sal dit ten minste nie ons skuld wees nie.

Ons as studente op hierdie kampus is heeltemal tevrede om die gesag oor ons te aanvaar, en wat ons hinder, probeer ons om op die regte manier reg te maak. Buitendien het ons nog nooit die idee gekry dat ons vreeslik onderdruk word nie.

En terwyl ons op hierdie punt is: hier is te veel gefrustreerde mensies wat hier op die kampus rondloop en die storie verkondig dat ons studentelewe dood is in vergelyking met ander universiteite s'n. Ons het ons eie manier van studentelewe hier, en tot nou toe was ons tevrede. As 'n sokkiejol of twee, drie elke week die enigste manier is om lewe te kry, bly ons maar liewer dood, en doodtevrede.

En ons bly tevrede dat ons grootste aandeel aan studenteanargisme die feit is dat party inwoners van Potchefstroom soms genoeg voel om te kla oor die vermindering van die hoeveelheid blomme of vrugte in hulle tuine.

**REDAKSIE**

*Hoofredakteur*: Tom Larney.
*Nuusredaktrise*: Rika van Graan (Tel. 2069).
*Nuusverslaggeefsters*: Rika van der Walt, Elsabe Smuts, Ellen Botha, Winnie Venter.
*Sportredakteur*: Piet Coetzer (Tel. 2171).
*Sportverslaggewers*: Louis van Wijck, Danie Mostert.
*Kunsredaktrise*: Rinda van der Walt (Tel. 2069).
*Tegniesebestuurder*: Hans Grobler.
*Advertensiebestuurder*: Nic Lessing.
*Sirkulasiebestuurders*: Kobus du Plessis, Tinus Jacobsz.

**KERSGESKENKE**

*Nee, ek praat nie onsin nie: handel hierdie sakies voor die vakansie af.*

*Mag ek raadgee? Gee iets persoonliks, iets wat karakter het.*

*'n Foto van jouself byvoorbeeld, ek bedoel nou 'n goeie een, 'n foto soos FOTOKUNS hulle maak.*

# In U Lig

PSALM 26.

'n Psalm van Dawid.

Doen aan my reg, o Here want ek wandel in my opregtheid en vertrou op die Here sonder om te wankel.

Toets my, Here, en beproef my, keur my niere en my hart; want u goederentierenheid is voor my oë, en ek wandel in u waarheid.

Ek sit nie by valse mense nie, en met slinkse mense gaan ek nie om nie.

Ek haat die vergadering van kwaaddoeners, en by die goddelose sit ek nie.

Ek was my hande in onskuld en wil gaan rondom u altaar, o Here. om die stem van lof te laat hoor en om al u wonders te vertel.

Here, ek het lief die woning van u huis en die woonplek van u heerlikheid.

Ruk my siel nie weg saam met die sondaars en my lewe saam met die manne van bloed nie,

in wie se hande skandelike dade is, en wie se regterhand vol is van omkopery.

Maar ek wandel in my opregtheid; verlos my en wees my genadig.

My voet staan op gelyk grond; ek sal die Here loof in die vergaderings.

# - Deur My Lens -

Hello, Hello. Gedink daar is net een harlekyn op die campus ne? O nee, ons is 'n hele familie. Laat ek eers neef Piet gelukwens met sy pogings die afgelope jaar. As ek hom nie so goed geken het nie, sou ek eerlik en vas geglo het dat hy sinies is.

Almal wonder seker hoe lyk hierdie nuwe nar, wat nou op die horison verskyn het. Ek stel my graag aan u voor. Ek het een oog (Dis al wat 'n mens nodig het om deur 'n sleutelgat te loer.), 'n lang neus (Wat ek orals insteek) 'n groot b . . akskies, mond en is die ene ore. My kleur wissel van rooi na swart, behalwe somtyds en ek het twee harte. Neef Piet het 'n droom in die Kaap en ek het 'n meisie êrens in Natal. Neef Piet se meisie en myne is baie eenders, veral die een en buitendien let ek nooit op 'n meisie se voete nie.

STUDENTERAAD

Die nuwe studenteraad is gekies en diee eertydse studenteraadslede loop so verlore soos 'n Andy Capp sonder 'n pet op die campus rond. Omdat die splinternuwe raad nog nie kans gehad het om enigiets te doen nie, kan ek nog niks oor hulle sê nie. Laat hulle net dit weet: By die raadskamerdeur se sleutelgat staan 'n nar met een oog en duisend ore.

Die ,,ou'' voorsitter het gesê ons Pukke moet meer verskil. Omdat dit sy opdrag was, sou ek graag van hierdie mening van hom wou verskil, maar ek kan nie. Gelukkig het ek oor die algemeen die vermoë om van alles te verskil en partykeer verskil selfs my twee harte van mekaar.

Dis lekker om bekers uit te deel en my eerste beker, 'n grote, van die jaar oorhandig ek aan ons Rektor. Sy woorde in die Totiussaal sal geruime tyd nog in my klink.

VERGADERING

Toe ek die redelike opkoms Donderdagaand in die saal sien, het ek amper gedink dat ons weer kort voor lank egte ou massavergaderings sal hê (Miskien was die mense wat nie gekom het nie bang vir die ,,Monster''), maar nou lyken dit vir my asof een skroef nog los is. Blykbaar heers daar 'n algemene opinie dat jy 'n SR-lid moet wees of gewees het voordat jy die vrymoedigheid sal neem om die vergadering se tyd te mors. Ek het altyd gedag die massavergaderings is daar vir die gewone student om sy sê te sê. Daar heers buitendien verwarring omtrent die naam, daarom wil ek nou voorstel dat ons Monster en Massa kombineer en dan praat van 'n Mastervergadering. Maar nou beteken 'n ,,master'' in Engels 'n baas en dit nadat ek so pas gepraat het van net SR-lede wat op die vergaderings praat. Miskien moet ons dan liewers van Monsavergaderings praat.

My slagspreuk vir die week is: Daar is een manier om uit te vind hoe sterk 'n boog is, en dit is om aan te hou met buig tot hy breek. So beproef 'n dwaas sy liggaam en sy siel. (Langenhoven).

Die Studentesentrum gaan glo binnekort gebou word, Ek hoop die planne maak voorsiening vir 'n kantoortjie vir Reflektor.

REFLEKTOR II

**PARADISE RESTAURANT**

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

Tomstraat 86 Tel. 5474

# Ons Lesers Skryf

## Waar was die Pukke?

Geagte redaksie,

Was verlede Donderdag se massavergadering — met die voorstelling van die nuwe S.R. en die waarderende woorde van die Rektor — nie genoeg rede vir elke Puk om sy studies vir 'n rukkie te laat en ook te kom nie?

Opnuut is ek weer hartlik bly dat ek 'n Puk is, en ek jubel agter Dawid aan — die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my wondermooi!

ANSIE BOOYENS

Karlien.

# Bantoetale toer Kalahari plat

**Die Departement Bantoetale het gedurende die Julie-vakansie hul vyfde geslaagde toer onderneem.**

Drr. C. J. H. Krüger en J. A. du Plessis en twee honneursstudente het die toer na Botswana onderneem. Die doel van die toer was om 'n voorlopige ondersoek na die linguïstiese situasie ten opsigte van die dialekte van Tswana in die noorde van Botswana, te doen.

Die geselskap het die roete Lobatsi, Ghanzi, Maun, Francistown, tot by Gaberones en terug gevolg.

**OUD-PUK**

'n Entjie buite Ghanzi, te Dkar, het die geselskap 'n oud-Puk, mnr. Jerling, raakgeloop. Hy is plaasbestuurder op 'n plaas waar die enigste Boesmanskool in Botswana is. Dit is 'n sendingstasie van die Gereformeerde Kerk.

Te Dkar was die geselskap stom geslaan deur 'n groep studente van Wits, Rhodes en Ikeys wat besig was om 'n skool vir die Boesman-kinders te bou. Selfs die dames het nie lyf weggesteek nie, hulle het help stene maak en met pik en graaf gehelp waar hulle kon.

Volgens mnr. Jerling het die studente van vroeg dag tot sononder die geweldige hitte trotseer en vir geen oombliк verslap nie.

**HULP NODIG**

Mnr. Jerling sê ook dat hulle nog baie hulp met hierdie Boesman-kinders sal nodig hê. Hy het juis gevra of van die Pukke nie sal belangstel om hulp te verleen nie. Nadere besonderhede kan by die bogenoemde departement verkry word.

## Witsies praat oor Boesmans

**'n Reeks lesings oor die natuurlewe in Suid-Afrika het verlede Donderdagaand by die Universiteit van die Witwatersrand begin.**

**BOESMANS**

Die lesings is gereël deur die Vereniging vir Wildbewaring. Deskundiges sal praat oor blomme, die Boesmans en Okavangomoeras en die nasionale parke. Die eerste lesing is deur mev. Sinia Elioesen oor blomme gegee. Sy het al baie boeke oor die onderwerp geskryf.

## . . . en Ikeys kla oor geld

**Mediese studente aan die Universiteit van Kaapstad gaan 'n brief aan die Minister van Gesondheid, dr. Carel de Wet stuur om hom te vra om die betreurenswaardige toestand van verskillende salarisskale vir dokters van verskillende rasse reg te stel.**

**STATUS**

Hulle verwerp die argument dat die verkillende skale aangepas is by die sosiaal-ekonomiese status van die rassegroepe want hulle bekou dit as hulle toekomstige plig om dieselfde dienste te lewer, ongeag die sosiaal-ekonomiese status van hul pasiënte.

## Tehuiskinders besoek Puk

'n Besoek van leerlinge van die Paul Krugerkinderhuis, Johannesburg, word vir 14 September beplan. By hul aankoms sal die kinders deur die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, verwelkom en toegespreek word. Daarna sal hulle nader kennis maak met verskillende departemente.


VLEISBRAAI

Voordat hul vertrek, word hul met met 'n vleisbraai op die Oude Molen-terrein onthaal.

Die uitstappie geskied in samewerking met die Katkisasiekommisie van die Gereformeerde Gemeente, Noordbrug, Potchefstroom.

...gtige stof gespan is.

# INTERNE STUDENTESAKE?




# Oudstudente huldig prof. Snyman

**„Nie die kerk nie, maar die ware gelowiges is die kern van 'n volk. Die volk-mensheid bly voortbestaan in sy gelowiges," het prof. Snyman in sy geleentheidswoord op 'n huldigingsbyeenkoms op 14 Augustus gesê. Hy het gepraat oor „Kerk en volk."**

Sowat honderd predikante-oudstudente van prof. W. J. Snyman van die Teologiese Skool, van sover as Belville en Stellenbosch, het op Potchefstroom saamgetrek en weer soos van ouds by hom „klas geloop".

Prof. Snyman het gesê dat die verhouding van Kerk en Volk nou saamhang met die van die individu tot die gemeenskap.

**AKTUEEL**

Dit is juis hierdie verhouding wat in die jongste tyd besonder aktueel geword het, omdat sommige mense voel dat die gevaar bestaan dat die individu opgeneem kan word in die gemeenskap — hetsy dit nou ras, volk, klas of stand is. Die mens word meer en meer 'n rat in die masjinerie van die gemeenskapslewe. As teenvoeter laat die eksistensialisme die klem val op die outentieke bestaan van die individu.

Aan die anderkant word die gemeenskap weer verheerlik as 'n soort vergoeding vir die sterflikheid van die individu.

Die gelowige glo egter in die versekerde bestaan van die individu in Christus. „Dit is die grondslag vir die juiste verhouding tussen Kerk en Volk", het prof. Snyman gesê.

**TEOKRATIES**

Vroeër is die volkskerkgedagte in Nederland gesien met 'n teokratiese aksent; die Nederlandse volk is deur God gelei om in 'n verbond te staan. Die volk is in geheel gedoop en die doop was dus die skakel tussen Kerk en Volk.

„Hoewel ons die volkskerk as sodanig verwerp, kan ons dit nie wegredeneer dat hierdie gedagte diep in die geskiedenis van die Afrikanervolk ingeweef is nie,'" het hy gesê.

# DIERKUNDE-PROF. UIT ROOIES SE LAND

**Prof. P. A. J. Ryke, van die Departement Dierkunde, het pas teruggekeer na 'n besoek aan die buiteland. Hy het onder meer op die dertiende Internasionale Entomologiese Kongres wat in Moskou gehou was, 'n referaat gelewer. By een van die sittings van die Kongres het hy ook as voorsitter opgetree.**

Prof. Ryke is beïndruk deur die goeie, vriendelike en gasvrye ontvangs wat hom oral in Rusland te beurt geval het.

**IDENTITEIT**

Hy het gedurende sy verblyf daar sy identiteit as Suid-Afrikaner altyd daadwerklik geopenbaar en baie belangstelling uitgelok. Dikwels is aan hom gevra of hy kom van die land waar die eerste hartoorplanting gedoen is.

Die Kongres is deur meer as 3,000 afgevardigdes bygewoon.

In Rusland word geweldig baie aandag aan natuurwetenskaplike navorsing bestee. Vroue speel hierin 'n baie belangrike rol. Die gehalte van navorsingswerk in Rusland is hoog en groot vooruitgang is al gemaak.

Prof. Ryke is egter oortuig dat die gehalte van ons werk geensins afsteek nie.

## DOSENT NA VRYSTAAT

**Dr. J. A. du Plessis, dosent in Bantoetale aan die P.U. vir C.H.O., is benoem as senior lektor van die pas onafhanklik-geworde Departement Bantoetale van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

**PRETORIA**

**Dr. Du Plessis het vroeër vanjaar sy doktorsgraad in Bantoetale aan die Universiteit van Pretoria behaal.**

## FISIOLOOG TERUG UIT NEDERLAND

Dr. C. J. Reinecke, van die departement Fisiologie het op 30 Augustus na die Republiek teruggekeer.

Hy het vanaf Januarie 1966 aan die Biochemiese Laboratorium van die Ryksuniversiteit van Leiden, Nederland, onder die leiding van prof. dr. L. Bosch gestudeer en op 3 Julie 1968 die doktorsgraad behaal.

Die onderwerp van sy verhandeling was die meganisme van die biosintese van proteïene onder *in vitro* omstandighede.

Dr. Reinecke het finansiële steun van die W.N.N.R. en die P.U. gekry om sy studies oorsee te voltooi.

# DIE CERCLE FRANCAIS VERJAAR

**Die Cercle francais van Potchefstroom herdenk sy 10de stigtingsjaar op 7 September. Die verrigtinge sal in die Senaatsaal van die P.U. plaasvind. Mnr. Joseph Le Grand, algeemene afgevaardigdee van die Alliance francaise in Suid-Afrika, sal by hierdie geleentheid die rede voer oor die onderwerp: „Die Kulturele rol van Frankryk in Afrika."**

Om 12.00 nm. word 'n tentoonstelling van Die Franse Boek in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou deur prof. dr. G. Dekker, stigter van die Departement Frans aan die P.U., geopen.

Die Alliance francaise speel 'n belangrike rol in die patroon van die vriendskaplike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Frankryk.

## DIREKTEUR VAN ONTWIKKELING TERUG

Dr. J. F. O'Grady, direkteur van Ontwikkeling aan die P.U., het pas teruggekeer na 'n studietoer van bykans drie-en 'n half maande in Europa. Hy was vergesel van sy eggenote.

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

# WAAR 'n WIL IS, IS 'n WEG-

## 'n Besoek aan die P.U. se Kleinteater

**Dis maar 'n geboutjie net soos al die ander wit geboue in Eerstelaan op die P.U. vir C.H.O. se kampus. Lank gelede was dit die Sielkundegebou; vandag is dit die Spraakleer en Dramagebou met die verklarende benaming ou-Sielkunde gebou. Uiterlik beloof dit niks meer as om maar net nog 'n gebou met net nog 'n paar lesinglokale te wees nie . . .**

Tree dan oor die drumpel en jy vergeet van die vuilwit mure en die effense verwaarloosde buitedeur. Smaakvol gerangskikte foto's teen die mure, bruin kandelare op 'n geel agtergrond — die programbuiteblad van die P.U.-kamertoneel; 'n vriendelike kennisgewing: ,,'n Aand van Woordkuns" op 'n ovaal bord beloof om jou in die fantasiewêreld van die teater te bring.

DUBBELDEUR

Moenie die geslote dubbeldeur waarop ,,Kamertoneel" pryk, oopmaak nie, draai eers in verwondering rond en talm nog in die gang. Kyk weer na die foto's en sien daar bekende gesigte en lees daar bekende name: Elbie Standring, Lorraine Viljoen, Lottie van Rensburg, Abri le Roux, Hettie Combrink, Cecile Spamer, Leon Cloete ens., ens ANTIGONE, ONS DORP MOEDER HANNA, HEDDA GABLER. Dis inderdaad 'n verslag van wat die Departement Spraakleer en Drama alreeds in die korte 4 jaar van sy bestaan in Potchefstroom aangebied het.

Moenie te lank draai by die interessante bord met al die programme en die uiteensetting van wat in die Departement Spraakleer en Drama op akademiese vlak gedoen word nie, draai regs en maak Lokaal A oop. Dis die lesinglokaal. Vergeet van die pragtige wynrooi gordyne en die mooi spieël, die groot luidsprekers en die netjiese naamborde aan die kleiner lokale se deure. Kyk net goed en kyk weer . . .

Draai nou om en met gewyde houding maak u die P.U.-kamertoneel se donkerbruin deur oop . . .

LESINGSAAL

,,Die helfte is my nooit vertel . . ." Kan dit wees dat slegs 2 maande gelede hierdie pragtige intieme klein plekkie ook maar net 'n lesingsaal was van Lokaal A? Alles getuig van die akkuraatste beplanning en die fynste smaak . . Staan doodstil en laat die ligte indoof. Kyk na die pragtige kandelaar in die middel en die oulikste klein lampies teen die prosceniummuur, voel die gesellige warmte van die goue mat onder jou voete en laat jou oë die ryke volheid van die muurlange gordyne aan weerskante streel. Onthou jy nog die onaantreklike deure en die koue vensteroë in Lokaal A? Agter daardie sagte wynrooi warmte word hierdie koue dinge verberg. Verwonder jou nie oor die viervoet hooggeligte auditorium nie. Akkurate wiskundige beplanning lê daaragter en die resultaat is onbelemmerde uitsig vir elk van die 50 teatergangers wat by daardie donkerbruin deurtjie ingekom het.

Gaan sit op jou stoel en ontspan. Die ryke volheid van die goue fluweelgordyne voor die prosceniumboog verberg nog vele verrassings . . .

Luister na die pragtige klanke wat oor die luidsprekers kom en draai versigtig om en loer skelmpies na agter. Deur die klein venstertjie in die middel, agter, kry jy 'n kykie op die beligtings- en klankoperateur se koninkryk. Vandaar kan hulle vir jou verplaas in 'n towerwêreld van klank en ligkleur. Nou doof die ligte in en gaan die gordyne stadig oop. Skielik is die hele teatertjie gebaai in duisende ligvlakkies wat heen en weer dartel soos sneeuvlokkies of donsagte veertjies of miskien sommer maar net onwerklike drome. Dis die spieëlbal wat hierdie fantasie skep.

VERHOOG

Maar die oomblik is verby en jy kyk na die verhoog. Kompleet met coellise agtergordyn en vloerkleed. Die swart gordyn agter, skuif oop en voor jou oë verander die horisondoek in 'n helderblou lug wat stadigaan sonsondergangrooi of spookagtig groen word . . .

Voorwaar 'n ondervinding om 'n leeftyd lank te onthou. Loop nou agter die gids aan en sien met jou eie oë dat hier, soos by enige groot skouburg, alles is wat van 'n gewone lesinglokaal 'n teater kan maak verhoogbestuurderskantoor, rekwisietekamer, kleedkamers en ook 'n verhoogdeur . . . alles kompleet.

Dit is dan die P.U.-kamertoneel wat gedurende die Julievakansie deur die toegewyde beplanning en harde arbeid van Theuns J. van Rensburg en die Departementshoof, Teunis Botha tot stand gebring is. Baie mense het gehelp — die tegniese departement, mev. Paaiva, die ander dosente in die departement, die studente en Esau. En vandag staan dit daar . . .


'n Volmaakte kleinteatertjie met 50 sitplekke. 'n Perfekte opleidingslokaal is dit en dit voorsien in 'n noodsaaklike behoefte. 'n Goeie voorbeeld van: ,,Waar 'n wil is, is 'n weg."

INGEWY

Hierdie kamertoneel is begin Augustus op luisterryke wyse ingewy. Die reeks van drie programaande het bestaan it die eksamenwerk van die tweede en derdejaarstudente. Die eerste aand kon die uitgelese gehoor van genooides luister na Andrie Swanepoel se vertolking van ,,Die Hond van God" — N. P. van Wyk Louw, en na Cecile Spamer se vertolking van o.a. ,,Martha" uit ,,Who's Afraid of Virginia Woolf?" Elbie Standring, die wenster van die A.T.K.B.kunswedstrydbeurs het die gehoor bekoor met haar fyn vertolking van o.a. André P. Brink se pragprosa uit ,,Lobola vir die lewe."

Die P.U.-kamertoneel is deur lede van die Departement Spraakleer en Drama gemaak omdat daar 'n groot behoefte was aan 'n lokaal waarin eksamenwerk gedoen kon word. Dit het gegroei tot 'n pronkstuk op die P.U.-kampus en beloof om in die toekoms op Woensdae-aande die brandpunt an toneelbedrywighede op Potchefroom te wees.

Inderdaad 'n geval uit nood gebore en 'n monument van: ,,Doodkry min!"



*'n Blik op die binnekant van die Kleinteater tydens 'n optrede.*
*Foto: Fotokuns.*

# KUNSGESELSIE

**Calqueren of Calgue is 'n tekening op deurskynende papier. Die oortekening van een tekening op een of ander betekende vlak bv. papier, paneel, doek of muur kan op verskillende wyses geskied.**

**Die tekening word aan die agterkant met een of ander pulverende of maklik afgewende materiaal bv. houtskool, rooi-aarde en grafiet ingekleur.**

**OORGETREK**

**Vervolgens word dit op die bewerkte vlak gelê en aan die bo-sy vasgeheg. Dan word met 'n harde en puntige voorwerp (been, koper, yster, of harde hout) alle besonderhede van die tekening oorgetrek en sodanig dat die pulverstof afgee en spore op die vlak agterlaat.**

**In plaas van om die tekening aan die agterkant vol te skryf, word soms 'n dun sagte vel papier met rooi-aarde of grafiet ingevryf en tussen die tekening en die vlak gelê. Indien die bewerkte oppervlakte ru is, bv. mure, word karton op die omtrek en die vernaamte onderdele met gaaitjies deurgesteek, vervolgens teen die mure gehang en met houtskool oor die gaaitjies getrek waardeur 'n punt-lyn op die muurvlak ontstaan wat later afgewerk kan word.**

**BEVESTIG**

**Ook wel word die tekening teen die muur bevestig en eers dan op die omtrekke ens. gesteek wat dan ook in die muurvlak ontstaan. Daarna word ook hierdie lyn bygewerk.**

**In die eerste twee gevalle word die tekening deur die oortekening met die skerpnaald altyd beskadig. Om dit te voorkom, word die tekening op 'n deursigtige papier getrek. Mens het daarvoor in die vroeër tyd geoliede papier gebruik.**

**HANDEL**

**In die negentiende eeu word spesiale oortrekpapier in die handel bekend gestel .Op die geoliede papier word met grafiet met pen, met lood en heelwat met rooi kryt die omtrekke ens. geteken. Vervolgens gaan mens met hierdie tekening te werk soos in die eerste gevalle.**

**Daar is by hierdie werkwyse meer arbeid te verrig maar dit bied die voordeel dat dit oorspronklik onbeskadig bly. 'n Oortrek met rooi-aarde gemaak, kan met die betekende sy op 'n blank papier gelê word en dan aan die agtersy aangebring word, waardeur die rooi-aarde spore nalaat, sodat die daarna oorgeteken kan word.**

**By die werkwyse ontstaan altyd 'n spieëlbeeld. Vir etsers en grafeers bied die metode soms 'n belangrike voordeel. Dit kan die rooi oorgetekende swart maak en so op koperplate aanbring. Die afdruk van die ets of grafure gee dan 'n beeld gelyk aan die oorspronklike.**

**OUTEURS**

**Deur enkele ouere vyftiende eeuse outeurs word aangeraai om perkament deur skaaf en skuur so dun moontlik te maak en dit dan in lyn-olie te plaas waardeur dit deursigtig word; ook dun gelatien-plate word vandag nog vir die doel gebruik. In enkele sewentiende- en agtiende eeuse geskrifte word 'n metode aanbeveel vir die „calqueeren" sonder om gebruik te maak van ge-oliede papier; in plaas daarvan velo nero — 'n houtraam waarop 'n swart deur-**

# Sang-aanwins vir Universiteit

**Mej. Elizabeth Heyns wat aangestel is op die personeel van die Konserwatorium, is 'n nuwe sang-aanwins vir die universiteit.**

**Elizabeth Heyns, 'n gebore Bolander het aan die Universiteit van Kaapstad gekwalifiseer as Huishoudkundige. Na enkele jare van skoolhou, het sy volle aandag begin spandeer aan haar belangstelling in die musiek.**

**DEBUUT**

**In Pretoria het mej. Heyns haar sangdebuut gemaak met optredes in die Kleinteater in konsertreekse en ook as soliste van die bekende Ambassadeurskoor van die Pretoriase Onderwyskollege.**

**Oorsee het mej. Heyns in Parys en Londen studeer, hoofsaaklik onder Pierre Bernac en Elizabeth Harwes.**

**Op 8 Augustus tree sy saam met n violis van Rustenburg, Derick Ochse, op in 'n program in die Pretoriase Kleinteater.**


SKOENREPARASIES
en
FIETSREPARASIES
VIR FLINKE DIENS
kom na:
HUIS EN TUIN
(Langs Volkskas).

J. A. VAN DER WALT & KIE
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).
Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.
Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.
TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326, Posbus 913, Stadsentrum 118.

'SLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# Fanie van Zijl verower senior S.A. landlooptitel

**Fanie van Zijl, Springbokmiddelafstandatleet, het voorverlede Saterdag op Standerton die eerste Puk geword om 'n Suid-Afrikaanse landlooptitel te verower.**

Van Zijl het reeds die junior titel drie jaar agtereenvolgens gewen en vanjaar ook die senior titel met sy eerste probeerslag daarby gevoeg.

In 'n uiters spannende en een van die taaiste wedlope waaraan hy nog deelgeneem het het Fanie vir Joe Bellingham, die Suid-Afrikaanse Marathonkampioen, afgeskud en met 30 tree gewen. Fanie se tyd vir die moeilike baan van 7½ myl was 40 min. 1 sek.

GAWIE

Van Zijl was egter nie die enigste Puk wat uitgeblink het nie. Gawie van Eck, wat net soos Fanie van Zijl aan sy eerste senior kampioenskap deelgeneem het, het die wedloop van sy lewe gehardloop deur op verrassende wyse sesde te eindig. Gawie se prestasie spreek boekdele want Springbokke soos De Villiers Lamprecht, Willie Olivier, Dennis Morrison, Mike Cuningham en Gerhard Dekkers is deur hom geklop.

Nog 'n Puk, George Muldner, het ook goed vertoon deur elfde te eindig.

Die standaard wat in bogenoemde wedloop gehandhaaf is was besonder hoog. Na sowat drie myl was daar nog tien atlete wat in 'n bondel aan die voorpunt gedraf het en die wenner kon nog nie uitgewys word nie. Na sowat vier en 'n half myl het die Suid-Transvalers Bellingham, Keyser en Whewell saam met Fanie van Zijl van die res van die deelnemers weggebreek. Na ses en 'n half myl het Bellingham en Van Zijl weer op hul beurt 'n gaping op die res gemaak voordat Fanie oor die laaste 200 tree met sy eindpoging begin het.

JUNIORS


In die junior wedloop oor 4½ myl wat deur Louis de Lange van Suid-Transvaal gewen is, het die Pukatleet Hennie Westerman die agste plek behaal. As in aanmerking geneem word dat dit Westerman se eerste landloopseisoen is waaraan hy deelneem, moet sy vertoning as merkwaardig beskou word.

Meryl Hancock van Natal het die dameswedloop gewen met Bea Marais in die vierde plek.

Fanie van Zijl en Gawie van Eck is na afloop van die kampioenskappe gekies vir die Suid-Afrikaanse Landloopspan wat op 21 September in 'n internasionale kragmeting teen Rhodesië sal meeding.

Die byeenkoms vind in Bulawayo plaas maar geen Springbokkleure sal aan die deelnemers toegeken word nie.

Die uitslag van die senior manswedloop is die volgende:
1. Fanie van Zijl W.Tvl. 40 min 1 sek.
2. J. Bellingham S.Tvl. 40 min. 7 sek.
3. K. Keyser S.Tvl. 40 min. 21 sek.
4. P. Whewell S. Tvl. 40 min. 27 sek.
5. S. van Antwerp S.Tvl. 40 min. 34 sek.
6. G. van Eck W.Tvl. 40 min. 42 sek.
7. B. Mitton S.Tvl. 40 min. 52 sek.
8. D. Morrison S.Tvl. 40 min. 59 sek.
9. D. Lamprecht S.A. Weermag 41 min. 4 sek.
10. F. le Grange N.Tvl. 41 min. 5 sek.
11. G. Muldner W.Tvl. 41 min. 7 sek.



*Fanie van Zijl, wat voorverlede naweek, nadat hy drie jaar agtereenvolgens junior Suid-Afrikaanse landloopkampioen was, senior kampioen geword het.*
*Foto: Die Vaderland.*

# GROOT SLAG GELEWER: DORP DIE WENNERS

**Die groot slag is gelewer! Die belangrikste wedstryd in 1968 se interkoshuis-rugbykompetisie, die een tussen Liberalia A. en Dorp A. is beslis.**

Liberalia wat tot vandag toe onoorwonne en voor was in die kompetisie verloor met 11 punte teenoor 12 teen Dorp.

Dorp was die hele wedstryd voor met die punte. Met die eerste afskop, in die tweede minuut van die wedstryd is Liberalia gestraf en Gawie Yssel van Dorp het met die strafskop geslaag. Kort daarna het die regtervleuel van Dorp 'n losbal in die hoek van Liberalia se doelgebied toegeval en die telling 6—0 gemaak. Roos kon nie vervyf nie. Voor rustyd het Yssel met nog 'n strafskop geslaag en die telling 9—0 gemaak, in Dorp se guns.

BORDJIES VERHANG

Na rustyd het Liberalia die bordjies begin verhang. Heelagter Gerrie van Rooyen het met 'n strafskop geslaag en vleuel Phillip Smith het, nadat hy 'n losbal opgeraap het en omtrent 40 tree genael het, onder die pale gaan druk. Van Rooyen het die drie vervyf, die telling was toe 9—8. Roos het in die tweede helfte nog 'n strafskop oorgeskop en Van Rooyen het een vir Liberalia oorgeskop om die telling 12—11 te maak.

Beide spanne het elk 'n paar kanse pale toe verbrou anders sou die puntestand anders gelyk het.

Albei spanne het baie hard gespeel en van die begin tot die einde min genade gegee en gevra. Dit was van die eerste minuut af 'n baie mooi wedstryd en die spanne het mooi teen mekaar opgeweeg. Die eerste helfte is deur Dorp oorheers en die tweede helfte deur Liberalia. Elke speler het sy uiterste gedoen en byna geen name kan in albei spanne uitgesonder word nie. Gerrie van Rooyen, heelagter van Liberalia, moet egter genoem word vir sy uitstekende posisionele spel.

Die skeidsregter verdien beslis lof vir die manier waarop hy die wedstryd hanteer het.

# PUK PRESTEER IN FIETSRESIES

Frans de Wet, die eerste en enigste Puk wat verlede Saterdag aan 'n Wes-Transvaalse fietswedren op die Ventersdorppad deelgeneem het, het puik presteer deur die vyfde plek te verower in sy eerste wedren.

Erik Hurn van Western Wheelers (Carletonville) was eerste.

**Belangstellendes kan in verbinding tree met mnr. J. C. Boardman by Tel. 7334, Potchefstroom, na-ure.**

# JUDOKLUB VERBETER HUL LOKAAL

**Met die samewerking van die Sportinstituut het die Judoklub daarin geslaag om aan hulle lokaal die nodige veranderings en verbeterings aan te bring. Die werk is nog nie voltooi nie, maar die lede vertel dat daar reeds 'n regte judo-atmosfeer in die saaltjie agter die ou Hoofgebou begin heers. Daar sal in die toekoms selfs 'n kleedkamer in die lokaal wees.**

**VEILIGER**

**Die verbeteringe wat aangebring word, is veral daarop toegespits om veiliger oefentoestande te skep. Daar word ook gepoog om 'n netter ruimte te skep vir die mat van S.A.-standaard wat binnekort aangekoop gaan word.**

# TENNIS WEN

In 'n spannende reeks wedstryde wedstryde slaag die P.U. se eerste tennisspan daarin om die sterk span van Klerksdorp met 4 wedstryde teen 3 te klop. Die uitslag was tot aan die einde van die dag se spel in die weegskaal en dit was N. Botha en A. van Loggenberg wat met puik spel in die gemengde dubbelspel dinge in die Pukke se guns beklink het.

Die P.U. se eerstespan het nog geen wedstryd hierdie seisoen verloor nie. Hulle is dan ook tans voor in die Wes-Transvaalse liga en dit lyk nie meer of hulle geklop sal kan word nie.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins die Drukkers, Potgieterstraat 31, Potchefstroom, vir die uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O.**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*bied u die geleentheid van die jaar.*

Fantastiese afslag op:
★ STUDIEBOEKE
★ BOEKE VIR ONTSPANNING

50% vir verkope op rekening
PLUS
'n verdere 10% vir Kontant.

Tomstraat, Telefoon 3421,
POTCHEFSTROOM.

*Cachet Modes*

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

**Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.**

*„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."*

Turkstra

**te kry by u kafeteria.**